HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 7 www.hsheidelberg.co.za 17 Mei 2024

Kalender

Maandag 20/05 **Dag 4** • Ls - konsert kleedrepetisie	**Dinsdag 21/05** **Dag 5** GR. 10-12 BEGIN MET EKSAMEN	**Woensdag 22/05** **Dag 6** LS-KONSERT	**Donderdag 23/05** **Dag 7** LS-KONSERT	**Vrydag 24/05** **Dag 8**	**Saterdag 25/05**	**Sondag 26/05**
Maandag 27/05 **Dag 9** • Personeel-vergadering	**Dinsdag 28/05** **Dag 1** Hatties Alleen ons beste	**Woensdag 29/05** STEMDAG	**Donderdag 30/05** **Dag 2** • Juffrou Lerm verjaar	**Vrydag 31/05** **Dag 3** PANTOFFEL-DAG • O/13- Suide rugbytoernooi te Oudtshoorn	**Saterdag 1/06**	**Sondag 2/06**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Soos ons die eksamentydperk nader, wil ek graag vir elkeen sterkte toewens. Dit is ‘n kritieke tyd in ons akademiese jaar. Die sport- en kultuuraangeleenthede kom eers volgende week tot ‘n einde en dan behoort almal gefokus te wees op die eksamen.

Leerders word herinner dat dit die geleentheid is om hulle kennis en vaardighede ten toon te stel. Onthou om gefokus te bly, bestuur jou tyd effektief en glo in jouself. Elkeen het die potensiaal om alleen sy/haar beste te lewer.

Aan die ouers en voogde wil ons graag vra om u kind te bly ondersteun en aan te moedig. U taak is ook om ‘n veilige en rustige ruimte vir u kind by die huis te skep.

Aan die personeel wil ek my grootste dank betuig vir u blywende en vermoënde pogings om ons kinders voor te berei vir die eksamen. U word waardeer in die skoolgemeenskap.

Onthou dat eksamen nie net daaroor gaan om punte te behaal nie, dit gaan ook oor leer, groei en uithouvermoë.

Kom ons werk almal saam sodat die eksamentyd vir almal suksesvol afgehanel kan word.

Sterkte, kom ons maak ons skool trots!

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

Hatties
Alleen ons beste

Belangrik!

Vanaf 21 Mei

Skooltye: 08:00 - 13:00

Skryfbehoeftes:

Leerders moet asseblief met die regte en nodige skryf-behoeftes skool toe kom. Leen van skryfbehoeftes word nie toegelaat nie.

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Hatties

Uitgawe: 7 www.hsheidelberg.co.za 17 Mei 2024

MR. BEAN IS OP PAD...

Kom geniet ‘n onvergeetlike aand saam met ons by die komende laerskoolkonsert 22 & 23 Mei om 18:00.

Mr. Bean gaan ons lagspiere definitief laat prikkel en sorg vir ’n onvergeetlike ervaring. Moet nie vergeet om jou kaartjies te koop nie. Dit is ‘n geleentheid wat jy nié wil misloop nie!

GEBEDSKETTING

Ons is dankbaar vir die ouers, families en ondersteuners wat agter ons skool staan en die gemeenskap versterk. Mag hulle voortdurend 'n bron van liefde, aanmoediging en ondersteuning wees vir almal wat deel is van ons skool.

Amen

DANKIE VCSV

Die VCSV het Donderdag ter vieringe van Pinkster, die personeel met pienk kolwyntjies bederf met die volgende vers: “Jy sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor jou kom; en julle sal my getuies wees in Jerusalem en in die hele Judea en Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld.” Handelinge 1:8

SPORT

Dit was ‘n baie opwindende paar weke op die rugbyveld en netbalbaan. Hatties het teen Albertinia, De Waalville, Laerskool Volschenk en Gerrit du Plessis kragte gemeet. Baie geluk aan elke span wat uitstekend gevaar het. Ons is baie trots op elkeen.

Hier vang die netbalmeisies gees voor hul wedstryd teen De Waalville Primêr.

SKAAKDINGE

Kyk net hoé spoggerig lyk Iwan Roberts, Xaydia Meyer, Ciara Riddles en Johannes Saayman in hul Eden-kleure getooi. Baie geluk aan Ciara Riddles wat tydens die saalbyeenkoms haar Wes-Kaap balkie verwerf het. Ons is baie trots op haar.

Hatties
Alleen ons beste

REDENAARS

Maria van Schalkwyk het 11 Mei aan die tweede rondte ATKV-redenaars te PE deel-geneem. Ons wag nog in spanning vir haar uitslae. Sy het ons skool se naam sò hoog gehou en ons is baie trots op haar!